

7 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 6

Fokusgedeelte: Psalm 6:3, 4, 7

God straf sondes, maar Hy vergewe ook sondes

Om te ly, is vir geen mens lekker nie, selfs al weet hy dit kom van God af. In Hebreërs 12:11 word ons geleer dat as beproewings lekker was, dit geen doel sou dien nie. In Psalm 6 kla Dawid oor die lyding wat sy sonde oor hom gebring het. Hy het geweet dat God met hom besig was. Hy het egter swaar gekry deur hierdie bemoeienis, daarom het hy as gelowige as 't ware daarmee na God toe teruggegaan. Hy het God om genade gesmeek.

Wat het hy ervaar?

- Dat God wel sonde straf, maar ook
- dat God sonde vergewe.
- God straf sonde, omdat dit vyandskap teen hom is. In Psalm 5:5 lees ons: *“U is nie 'n God wat onreg verdra nie, die kwaad het by u geen plek nie.”* Christus het ons egter deur sy versoeningswerk van die mag van die sonde verlos (Rom 6:4). Omdat ons saam met Christus gesterf het vir die sonde, kan ons nie meer daarin voortlewe nie (Rom 6:12).
- Dawid praat ook van genade, want ons sondes word vergewe. Hy pleit in vers 2: *“... moet my tog nie in U toorn straf nie, Here, en my in U gramskap tugtig nie.”* Ons kan tugtiging of straf oor sonde nou in 'n ander lig sien. In Hebreërs 12:4 staan: *“... die Here tug hom wat Hy liefhet.”*

Dat die Here sondes vergewe, beteken dus dat Hy óns vergewe, Hy haat steeds die sonde, maar beskerm ons deur tugtiging, sodat ons altyd kan ervaar dat:

- God vir ons is (Rom 8:31).
- Niks ons van sy liefde kan skei nie (Rom 8:38).
- Ons by Hom kan rus vind (Matt 10:28).
- Niemand ons ooit uit sy hand kan ruk nie (Matt 10:28).

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 6

Ds L vd M Vogel (Walvisbaai)